nFuse Hillbrow-Pilgrimage, 4 Maart

nFuse nooi jou om Vrydagaand saam te kom op 'n Hillbrow-pilgrimage saam met M.E.S.

Vrydagaand:

Ons vertrek 18:30 vanaf Mosaiek en ry in 'n konvooi na M.E.S. se kantore in Hillbrow. Veilige parkeerplek word voorsien. Die aand begin met 'n chat-sessie waarin ons ingelig word oor die naglewe van Hillbrow en M.E.S. se bedrywighede. Ons eet saam tradisionele Hillbrow-aandete (bunny-chow), waarna ons in 'n groep uitbeweeg en paar straat-gemeenskappe gaan besoek. Ons deel sop en broodjies uit en connect met die straatmense. Na afloop van die pilgrimage gesels ons saam oor ons ervaringe en slaap oor in 'n ongebruikte shelter. (Jy kan Vrydagaand terugry as jy net die aand-ervaring wil meemaak.)

Saterdag-oggend:

Ons eet ontbyt by 'n restaurant/coffee shop in die stad en gaan besigting die stad vanaf die 50ste verdieping van die Carlton Sentrum. Hierna sluit ons af en ry terug.

Wat moet jy saambring:

1. **Geld**. (R100 sal genoeg wees vir aandete, ontbyt, nagskuiling en ingang in die Carlton Sentrum.)
2. **Beddegoed** (beddens met matrasse word verskaf)
3. **Ekstra stel klere vir Saterdagoggend**
4. **Toiletware en medikasie**

Navrae oor veiligheid: Motors word veilig parkeer in 'n toegeboude parkeer-garage. Wanneer ons op straat uitgaan, beweeg ons in 'n groep saam met M.E.S., wat al die gemeenskappe ken waarheen ons beweeg. Daar gaan ook straatgidse saam met ons wat baie met die gemeenskappe saamwerk. Daar word gereeld groepe uitgeneem op straat (meestal tieners/belydenisklasse) en daar was nog nooit enige rede vir kommer nie. Natuurlik word juwele en kameras by die huis gelos.

Vir navrae kontak Roelof Nel by 011-268-4785 of roelofn@mosaiek.com

RSVP teen Donderdag 3 Maart na nfuse@mosaiek.com en laat weet ook of jy gaan oorslaap.